education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

**EKONOMIE**

**STANDAARDGRAAD**

**OKTOBER/NOVEMBER 2006**

**404-2/0A**

EKONOMIE SG

404 2 0A SG

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye en 'n antwoordblad.**

*Kopiereg voorbehou*

GAUTENG

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord slegs SES vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: VRAAG 1 is VERPLIGTEND en moet deur AL die kandidate op die ANTWOORDBLAD wat voorsien is beantwoord word. Skryf jou EKSAMEN- EN SENTRUMNOMMERS op die ANTWOORDBLAD neer.

   AFDELING B: Beantwoord enige VYF vrae in die ANTWOORDEBOEK.

3. Indien jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal vrae nagesien word. ALLE werk wat jy NIE wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

4. Gebruik slegs swart of blou ink. Antwoorde met potlood sal NIE nagesien word nie.

5. Lees die vrae aandagtig deur en begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

6. Los 2 tot 3 reëls tussen die onderafdelings van elke vraag oop.

7. Nommer die antwoorde in ooreenstemming met die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

## VRAAG 1 (VERPLIGTEND)

1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Trek 'n kruisie (X) oor die letter (A - D) van die korrekte antwoord langs die vraagnommer (1.1.1 - 1.1.20) op die antwoordblad.

NASIONALE INKOMSTE

1.1.1 Wanneer die effektebeursmark vanuit 'n globale gesigspunt bestudeer word, word die ... ekonomiese benadering gebruik.

A mikro-
B makro-
C monetêre
D owerheidsektor (3)

1.1.2 Produksie waar slegs die permanente inwoners van 'n land betrokke is, staan as ... produksie bekend.

A internasionale
B plaaslike
C binnelandse
D nasionale (3)

1.1.3 'n Nuttige maatstaf om die ekonomiese welvaart tussen lande te meet, is die ...

A nominale nasionale inkomste.
B vergoeding van werknemers.
C bruto nasionale inkomste.
D per kapita nasionale inkomste. (3)

1.1.4 Besteding deur die ... sektor is hoofsaaklik kollektief van aard.

A buitelandse
B vervaardiging-
C owerheid-
D huishoudelike (3)

PRYSVORMING

1.1.5 Die fundamentele ekonomiese probleem is ...

A keuse.
B gratis goedere.
C prys.
D skaarsheid. (3)

1.1.6 In 'n tipiese aanbodkurwe sal die hoeveelheid aangebied ...

A in direkte verhouding tot die prys varieer.
B onafhanklik van die prys wees.
C in 'n omgekeerde verhouding tot die prys varieer.
D indirek met die prys varieer. (3)

1.1.7 'n Afname in vraag sal tot 'n ... lei.

A daling in prys
B toename in prys
C toename in aanbod
D toename in prys en aanbod (3)

1.1.8 'n Mark vir finale produkte is bekend as 'n ... mark.

A kapitale
B arbeids-
C produseerders-
D verbruikers- (3)

EKONOMIESE -, STREEKSONTWIKKELING EN VERSTEDELIKING

1.1.9 'n Voorbeeld van werk verskaf deur die informele sektor is 'n ...

A blommeverkoper.
B tandarts by 'n hospitaal.
C poskantoorwerker.
D versekeringsagent. (3)

1.1.10 Die bron van die HOP- (RDP) befondsing in Suid-Afrika is vanaf ...

A buitelandse lenings alleenlik.
B die staat alleenlik.
C die privaat sektor alleenlik.
D die privaat sektor en ook die openbare sektor. (3)

1.1.11 Met verwysing na riglyne vir verstedeliking, kan die regering ...

A mense toelaat om plase te beset.
B plattelandse ontwikkeling ontmoedig.
C mense gratis dienste aanbied.
D stedelike ontwikkeling aanmoedig. (3)

1.1.12 Vir ontwikkelende lande om te groei, behoort daar gepoog te word om ...

A miljoene huise per jaar te bou.
B unies se fokus vanaf korter werksure na hoër produktiwiteit te verskuif.
C meer akademiese vakke te onderrig.
D landbou-ontwikkeling aan te moedig. (3)

INTERNASIONALE EKONOMIE

1.1.13 Transaksies wat verband hou met die verkryging van aandele-kapitaal in die buiteland word onder ... beleggings in die finansiële rekening gereflekteer.

A direkte
B portefeulje-
C onaangetekende
D indirekte (3)

1.1.14 Spesiale Trekkingsregte word deur die ... uitgereik.

A Internasionale Monetêre Fonds
B Europese Sentrale Bank
C Federale Reserwebank
D Verenigde Nasies se Ontwikkelingsfonds (3)

1.1.15 'n Beskermingsmaatreël waardeur 'n vaste bedrag gedeponeer word by die monetêre owerhede, is as invoer- ... bekend.

A kwotas
B beheer
C beperkings
D deposito's (3)

1.1.16 Die internasionale mededingendheid van Suid-Afrikaanse vervaardigers kan deur ... verbeter word.

A die instelling van tariewe
B bevordering van uitvoere
C arbeidsintensiewe vervaardigingsaktiwiteite
D strenger valuta-beheermaatreëls (3)

DIE STAAT

1.1.17 Die verskaffing van water aan mense is die verantwoordelikheid van ... regering.

A plaaslike
B provinsiale
C streeks-
D sentrale (3)

1.1.18 'n Voorbeeld van 'n indirekte belasting is ...

A 'n voertuiglisensie.
B doeane-belasting.
C maatskappybelasting.
D 'n jaglisensie. (3)

1.1.19 Belasting word as 'n ... beleidsinstrument beskryf.

A fiskale
B monetêre
C verpligte
D vrywillige (3)

1.1.20 In Suid-Afrika word die staat se begroting 'n wettige dokument sodra die ... dit onderteken het.

A Direkteur-Generaal
B Minister van Finansies
C Staatspresident
D Ouditeur-Generaal (3)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Trek 'n kruisie (X) oor die woord 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1 - 1.2.10) op die antwoordblad.

1.2.1 Die reële nasionale inkomste is die monetêre waarde van die nasionale inkomste aangepas vir prysverhogings. (2)

1.2.2 Dubbeltelling kan voorkom word deur die waarde van intermediêre goedere en dienste in te sluit. (2)

1.2.3 'n Toename in die BTW-koers van 14% tot 15% sal veroorsaak dat die vraagkurwe na regs skuif. (2)

1.2.4 'n Afname in die inkomste van verbruikers in die laer inkomstegroep kan lei tot 'n toename in die vraag na brood. (2)

1.2.5 Ekonomiese groei is 'n voorvereiste vir ekonomiese ontwikkeling. (2)

1.2.6 Verstedeliking is 'n proses van transformasie waar gemeenskappe vanaf stedelike gebiede na die plattelandse gebiede verskuif. (2)

1.2.7 As die waarde van die dollar verhoog, sal Suid-Afrikaners meer goedere en dienste van die VSA koop. (2)

1.2.8 Ongunstige plaaslike klimaattoestande sal daartoe lei dat Suid-Afrika mielies moet invoer. (2)

1.2.9 In Suid-Afrika is daar, in werklikheid, meer as een nasionale begroting. (2)

1.2.10 Die las van direkte belasting kan maklik verskuif word. (2)

Kopiereg voorbehou

1.3 Kies ('n) woord(e) wat die beste by die onderstaande beskrywings pas. Skryf slegs die korrekte woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1 - 1.3.10) op die antwoordblad neer.

| |
|---|
| oordragbetaling; staat; inflasie; mark; uraan; aanvullende; vryswewende; palladium; handelskredietbriewe; deregulasie; regulering; onregverdige afdanking; geskoolde; ongeskoolde; beheerde swewing; addisionele |

1.3.1 Inkomste op betalings waarvoor daar geen produktiewe dienste gelewer is nie (2)

1.3.2 'n Plek waar die uitruil van goedere en dienste plaasvind (2)

1.3.3 'n Doelbewuste poging van die staat om beperkende wetgewing en regulasies te verwyder wat ekonomiese aktiwiteit strem (2)

1.3.4 Wisselkoerse wat uitsluitlik deur die kragte van vraag en aanbod bepaal word (2)

1.3.5 Wetgewende, regs- en administratiewe liggaam van die land (2)

1.3.6 'n Toename in die algemene pryspeil (2)

1.3.7 Hierdie mineraal word na verfyning in kernkragsentrales gebruik (2)

1.3.8 'n Persoon word afgedank omdat hy MIV-positief toets (2)

1.3.9 Die regering se uitgebreide openbarewerkeprogram gebruik hierdie tipe arbeid (2)

1.3.10 Die begroting wat in Mei/Junie aan die parlement voorgehou word (2)

**TOTAAL AFDELING A: 100**

## AFDELING B

Beantwoord enige VYF vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

## VRAAG 2: NASIONALE INKOMSTE


2.1 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1.1 - 2.1.2) neer.

2.1.1 Die verskillende sektore van die ekonomie van 'n land is aan mekaar verbind deur (verbruik/transaksies). (2)

2.1.2 Die reële nasionale inkomste is ook bekend as nasionale inkomste teen (huidige/konstante) pryse. (2)

2.1.3 Noem die DRIE metodes wat gebruik kan word om die nasionale inkomste te bepaal. (6)

2.2 Bestudeer die volgende diagram en beantwoord die vrae wat daarop volg:




2.2.1 Wat stel A voor? (3)

2.2.2 Wat word deur B voorgestel? (3)

2.2.3 Wat stel C voor? (3)

2.2.4 Wat word deur D voorgestel? (3)

2.2.5 Watter verskynsel word in die bostaande diagram uitgebeeld? (2)

2.3 Bespreek kortliks enige VIER tekortkominge van die nasionale inkomste syfers. (16)
**[40]**

**VRAAG 3: PRYSVORMING**

3.1 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1.1 - 3.1.2) neer.

3.1.1 Die behoefte aan sekuriteit is 'n voorbeeld van 'n (natuurlike/ kulturele) behoefte. (2)

3.1.2 'n Tipiese vraagkurwe het 'n (positiewe/negatiewe) helling. (2)

3.1.3 Noem enige DRIE kenmerke van ekonomiese goedere. (6)

3.2 Bestudeer die volgende tabel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

| Vraag na en aanbod van rekenaars | | | |
|---|---|---|---|
| Prys | Hoeveelheid aangevra | Hoeveelheid aangebied | Tekort/Surplus |
| 4 000 | 10 000 | 2 000 | (a) |
| 5 000 | 8 000 | 4 000 | +4 000 |
| 6 000 | 6 000 | 6 000 | 0 |
| 7 000 | 4 000 | 8 000 | (b) |
| 8 000 | 2 000 | 10 000 | -8 000 |

3.2.1 Waarom is daar geen tekort of surplus teen 'n prys van R6 000 nie? (3)

3.2.2 Bereken die surplus of tekort wat voorgestel word deur (a) en (b) in die bostaande tabel. (6)

3.2.3 Wat sal gebeur met die vraag na drukkers as die prys van rekenaars toeneem? Motiveer jou antwoord kortliks. (5)

3.3 Bespreek die kenmerke (aard) van behoeftes. (16)
**[40]**

## VRAAG 4: EKONOMIESE -, STREEKSONTWIKKELING EN VERSTEDELIKING

4.1 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1.1 - 4.1.2) neer.

4.1.1 Een van die probleme waarmee (ontwikkelende/ontwikkelde) lande te kampe het, is hul onvermoë om die kringloop van armoede te breek. (2)

4.1.2 'n Persoon wie se familie in die plattelandse gebiede bly terwyl hy/sy in 'n stedelike gebied werk, staan as 'n (migrerende/seisoens-) arbeider bekend. (2)

4.1.3 Noem enige DRIE funksies van die informele sektor. (6)

4.2 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

> ONS MOET EFFEKTIEF WEES, NIE POLITIES KORREK NIE
>
> Ons benodig 'n stapsgewyse verandering van huidige ekonomiese groei, nie slegs in terme van hoër persentasiegroei nie maar ook in terme van die skep van en volhouding van werksgeleenthede. Ons almal weet om dit te kan vermag, benodig ons groter innovasie op die vlak van KMO's ('SMEs').
>
> Ongelukkig benodig KMO's ('SMEs') diepte van vaardigheid en kennis van die kant van die operateur. Solank as wat daar 'n tekort aan vaardighede bestaan sal daar 'n tekort aan KMO's ('SMEs') wees.

(*Sunday Times,* 12 Februarie 2006 - vertaal en aangepas)

4.2.1 Wat word bedoel met die term *volhouding van werksgeleenthede*? (3)

4.2.2 Beskryf enige TWEE belangrike aspekte van innovasie in Suid-Afrika. (6)

4.2.3 Noem EEN vaardigheid waaraan daar 'n tekort in Suid-Afrika is. (3)

4.2.4 Wat beteken die afkorting *KMO* ('SME')? (2)

4.3 Verduidelik enige VIER redes vir (oorsake van) verstedeliking. (16)

**[40]**

## VRAAG 5: INTERNASIONALE EKONOMIE

5.1 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.1.1 - 5.1.2) neer.

5.1.1 'n Toename in die waarde van 'n geldeenheid as gevolg van markkragte staan as (appresiasie/herwaardering) bekend. (2)

5.1.2 'n Beleid van beskerming veroorsaak 'n toename in die vlak van (werkloosheid/werkskepping). (2)

5.1.3 Noem enige DRIE faktore wat 'n aanvraag na buitelandse valuta veroorsaak. (6)

5.2 Lees die volgende koerantverslag en beantwoord die vrae wat volg:

> RAND STEIER NA 'N DRIEMAANDE-LAAGTEPUNT
>
> Die rand het gister tot 'n driemaande-laagtepunt in *buitelandse handel* gesteier, aangevuur deur positiewe verbruikersinflasiedata wat die groeiende kommer oor moontlike *tariefverhogings* gepaai het. Handelaars het gesê dat oorsese aankope van *dollars,* na die sluiting van binnelandse markte Dinsdag, hierdie beweging aan die gang gesit het wat die *plaaslike eenheid* gestoot het deur die ondersteuningsvlak van R6,67 'n dollar.

(Bron: *The Star*, 27 Oktober 2005 - vertaal en aangepas)

5.2.1 Wat beteken *buitelandse markte*? (3)

5.2.2 Die waarde van die rand teen die dollar is bekend as 'n … (3)

5.2.3 Wat, volgens die verslag, het tot die daling in die waarde van die rand gelei? (3)

5.2.4 Noem die term wat in die verslag gebruik is, wat verwys na *die rand*. (3)

5.2.5 Watter geldeenheid word wêreldwyd as 'n betaalmiddel aanvaar? (2)

5.3 Verduidelik *suigelingnywerhede* en *storting* as argumente vir die beskerming van plaaslike nywerhede teen buitelandse kompetisie. (16)

**[40]**

**VRAAG 6: DIE STAAT**

6.1 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1.1 - 6.1.2) neer.


6.1.1 Die voorsiening van 'n land se infrastruktuur is 'n belangrike funksie van (besighede/die regering). (2)

6.1.2 Die belangrikste bron van inkomste vir die staat is die inkomste uit (skenkings/belasting). (2)

6.1.3 Noem enige DRIE doelwitte van die ekonomiese beleid van die staat. (6)

6.2 Bestudeer die sirkeldiagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

STAATSBESTEDING 2006/7 %




6.2.1 Noem die sektor waaraan die meeste staatsbesteding toegeken word. (3)

6.2.2 Gee EEN rede vir die betaling van rente. (3)

6.2.3 Identifiseer 'n ekonomiese diensbesteding. (3)

6.2.4 Bereken die totale persentasie aan sosiale dienste gespandeer. Toon AL die berekeninge. (5)

6.3 Bespreek die voordele van indirekte belasting. (16)
**[40]**

**VRAAG 7: EKONOMIESE -, STREEKSONTWIKKELING, VERSTEDELIKING EN INTERNASIONALE HANDEL**

7.1 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (7.1.1 - 7.1.2) neer.

7.1.1 Alle transaksies wat te make het met goedere en dienste word in die (kapitaal/lopende) betalingsbalansrekening (BB) aangeteken. (2)

7.1.2 Die heffing wat neerkom op 'n sekere persentasie van die waarde van die ingevoerde artikel, is bekend as (ad valorem-/spesifieke) heffing. (2)

7.1.3 Noem enige DRIE gevolge van MIV/Vigs op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (6)

7.2 Bestudeer die volgende inligting en beantwoord die vrae wat volg:

| BETALINGSBALANS – JAARLIKSE SYFER (R miljoene) | 2005 |
|---|---|
| Goedere-uitvoer, v.a.b. | 320 650 |
| Netto gouduitvoere | 27 023 |
| Ontvangste vir dienste | 65 054 |
| Inkomste-ontvangste | 29 304 |
| Min: Goedere-invoer, v.a.b. | 359 678 |
| Betalings vir dienste | 75 354 |
| Inkomstebetalings | 60 338 |
| Lopende oordragte (netto ontvangste +) | -11 035 |
| Balans | R? |

(Bron: *SARB Kwartaallikse Bulletin*, Maart 2006 - aangepas)

7.2.1 In watter rekening van die betalingsbalans (BB) word hierdie inligting gereflekteer? (3)

7.2.2 Noem die TWEE hoofkomponente van inkomste-ontvangste. (6)

7.2.3 Bereken die balans van die bostaande rekening. Toon ALLE berekeninge. (5)

7.3 Verduidelik *lae lewenstandaarde* en *lae produktiwiteitsvlakke as* kenmerke van ontwikkelende lande. (16)

**[40]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 8: KEUSEMODULES (BELANGRIKE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE ONDERWERPE)

Kies enige TWEE uit die volgende onderwerpe. Maak gebruik van duidelike opskrifte om die onderwerp van jou keuse aan te dui.

ARBEIDSVERHOUDINGE

8.1 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (8.1.1) neer.

8.1.1 Die vraag na arbeid is 'n (direkte/afgeleide) vraag. (2)

8.1.2 Noem enige TWEE faktore wat lone in Suid-Afrika bepaal. (4)

8.2 Lees die onderstaande berig en beantwoord die vrae wat daarop volg:

NUWE HOOF VIR KVBA

Die nuutaangestelde hoof van die KVBA het geleer om nooit die waarde van mediasie te onderskat nie.

Daar is 'n behoefte om te kyk dat werkgewers en werknemers meer doen om twispunte op te klaar voordat hulle die KVBA nader. Die probleem is dat werkgewers, werknemers, vakbonde, konsultante en kommissarisse die artikels van die Wet op Arbeidsverhoudinge op 'n baie formele (prosedures) en wettiese manier gebruik.

(Bron: *Sunday Times,* 19 Februarie 2006 - vertaal en aangepas)

8.2.1 Wat beteken die afkorting *KVBA*? (3)

8.2.2 Wat behoort werkgewers en werknemers te doen voordat hulle die KVBA nader? (3)

8.3 Bespreek die beperkinge van vakbonde met betrekking tot stakings. (8)

**OF**

PRODUKTIWITEIT EN WERKLOOSHEID

8.4 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (8.4.1) neer.

8.4.1 Die informele sektor dien as 'n veiligheidsnet vir (werklose/afgetrede) persone. (2)

8.4.2 Noem enige TWEE metodes om werkloosheid te meet. (4)

8.5 Lees die volgende koerantverslag en beantwoord die vrae wat volg:

> 'DINGE NEEM TOE, BEHALWE WERKSGELEENTHEDE ...'
>
> Manuel het uitgewys dat werkloosheid van 30% na 26,6% in die derde kwartaal van 2005 gedaal het. Hierdie syfer neem natuurlik nie die werklose mense wat nie werk gesoek het in die paar weke voor die opname gemaak is, in berekening nie. Die massiewe infrastruktuurbestedingplanne van die staat en die inisiatiewe soos die uitgebreide openbarewerkeprogram behoort te help om werksgeleenthede te skep.

(Bron: *The Star Editorial*, 27 Oktober 2005 – vertaal en aangepas)

8.5.1 Watter groot inisiatief gebruik die regering om werkloosheid te verminder? (3)

8.5.2 Waarom het sekere werklose mense ophou werk soek in die weke wat die opname voorafgegaan het? (3)

8.6 Bespreek die wanopvattinge van produktiwiteit. (8)

**OF**

INFLASIE

8.7 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (8.7.1) neer.

8.7.1 'n Tydperk van inflasie bevoordeel gewoonlik (debiteure/krediteure). (2)

8.7.2 Noem enige TWEE maatreëls om inflasie te bekamp. (4)

8.8 Bestudeer die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

> VPI
>
> Die kwartaal-tot-kwartaal-tempo van toename in VPI-goederepryse het gedaal van 'n geannualiseerde koers van 4,8 persent in die eerste kwartaal van 2004 tot 0,8 persent in die derde kwartaal. Na 'n stewige toename in die petrolprys in Oktober en November 2004 het VPI-goedereprysinflasie gestyg tot 'n geannualiseerde koers van 4,4 persent in die vierde kwartaal.

(Bron: *Suid-Afrikaanse Reserwebank*: *Kwartaallikse Bulletin*, Maart 2005)

8.8.1 Noem die tipe inflasie wat in die boonste uittreksel in die vooruitsig gestel word. (3)

8.8.2 Wat beteken die afkorting *VPI*? (3)

8.9 Bespreek kortliks die kenmerke van inflasie. (8)

**OF**

STRATEGIESE HULPBRONNE

8.10 Kies die korrekte woord van dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (8.10.1) neer.

8.10.1 In Suid-Afrika staan die vervaardiger van brandstof en chemikalieë uit (steenkool/uraan) as SASOL bekend. (2)

8.10.2 Noem enige TWEE hernubare energiebronne. (4)

8.11 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

> WATER VIR ALMAL
>
> Die Department van Waterwese en Bosbou se progam vir Gemeenskapswaterverskaffing en Sanitasie ('CWSS') is ingestel om te verseker dat alle Suid-Afrikaners toegang tot voldoende water en 'n gesonde omgewing het met die fokus op die plattelandse gebiede.
>
> Een doelwit van die 'CWSS'-program is om plaaslike regerings se vermoëns te verbeter en die bevordering van volhoubare waterdienste.

(Bron: *Suid-Afrikaanse Jaarboek*, 2000/01)

8.11.1 Noem EEN doelwit van die 'CWSS'. (3)

8.11.2 Watter department bestuur die skaars waterbronne in Suid-Afrika? (3)

8.12 Bespreek kortliks elektrisiteit as die belangrikste energiebron wat in Suid-Afrika gebruik word. (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 200**

**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou

| SENTRUMNOMMER: | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|

| EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

## ANTWOORDBLAD - AFDELING A

### VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | A | B | C | D |
| 1.1.2 | A | B | C | D |
| 1.1.3 | A | B | C | D |
| 1.1.4 | A | B | C | D |
| 1.1.5 | A | B | C | D |
| 1.1.6 | A | B | C | D |
| 1.1.7 | A | B | C | D |
| 1.1.8 | A | B | C | D |
| 1.1.9 | A | B | C | D |
| 1.1.10 | A | B | C | D |
| 1.1.11 | A | B | C | D |
| 1.1.12 | A | B | C | D |
| 1.1.13 | A | B | C | D |
| 1.1.14 | A | B | C | D |
| 1.1.15 | A | B | C | D |
| 1.1.16 | A | B | C | D |
| 1.1.17 | A | B | C | D |
| 1.1.18 | A | B | C | D |
| 1.1.19 | A | B | C | D |
| 1.1.20 | A | B | C | D |

| | |
|---|---|
| | |
| **(20 x 3)** | **60** |

| | | |
|---|---|---|
| 1.2.1 | WAAR | ONWAAR |
| 1.2.2 | WAAR | ONWAAR |
| 1.2.3 | WAAR | ONWAAR |
| 1.2.4 | WAAR | ONWAAR |
| 1.2.5 | WAAR | ONWAAR |
| 1.2.6 | WAAR | ONWAAR |
| 1.2.7 | WAAR | ONWAAR |
| 1.2.8 | WAAR | ONWAAR |
| 1.2.9 | WAAR | ONWAAR |
| 1.2.10 | WAAR | ONWAAR |

| | |
|---|---|
| | |
| **(10 x 2)** | **20** |

1.3.1 ______________________

1.3.2 ______________________

1.3.3 ______________________

1.3.4 ______________________

1.3.5 ______________________

1.3.6 ______________________

1.3.7 ______________________

1.3.8 ______________________

1.3.9 ______________________

1.3.10 ______________________

| | |
|---|---|
| | |
| **(10 x 2)** | **20** |

**TOTAAL AFDELING A: 100**

*Kopiereg voorbehou*